

Verlossing uit Egipte (1-18)				Openbaring van God (19-40)	
Egipte, 430 jaar (met uittog 1440vC)			Woestyn, 2 maande	Berg Sinai, 10 maande	
Onderdanigheid		Verlossing		Lering	
1:1 Behoefte tot verlossing	2:1 Voorbereiding vir verlossing	5:1 Verlossing van Israel	15:22 Bewaring van Israel	19:1 Bekendmaking van die verbond	32:1 Reaksie op die verbond

Dag	Dag se brood	Meer heuning	Die boek vertel hoe Israel verlos is van slawerny uit Egipte en uitgelei is tot in 'n verbond met God. Die klimaks van die hele Ou Testament is in hoofstukke 12-14 toe Israel verlos is deur bloed (Pasga) en deur God se krag (deur die Rooi See) wat temas reg deur de hele Bybel is.		
Ma	Eks 3:1-4:17	Eks 1-4	<p>As die volk na 400 jaar van slawerny tot God roep om hulp, roep Hy Moses uit die brandende bos. Hy stel homself bekend as die "Ek is", die God van die voorvaders wat alles gemaak het. Deur plaë berei hy die leiers voor, deur bloed aan die kosyne en die wonder van die Rooi See, verlos hy die volk uit hul sonde slawerny.</p> <p>In die woestyn bewaar Hy hulle van gevaar, dors en honger.</p>	<p>Vanaf hoofstuk 19 verskuif dit van geskiedenis vertelling na verbondsluiting. Op die berg Sinai ontvang Moses morele, siviele en seremoniële wette asook die instruksies oor hoe om die tabernakel te bou.</p> <p>Na God die volk straf oor die goue kalf, bou die volk die tabernakel, wy dit in en is die hoogtepunt God wat intrek om by Sy volk te wees.</p>	<p>Verskeie temas van die boek vind ons in Jesus se lewe en bediening. Die volk ontvang die wet op die berg Sinai. Jesus se bergprediking is ook daar. Moses het die slang op 'n paal geplaas om mense wat daarna opkyk te verlos, Jesus is gekruisig om die wat na Hom opkyk en glo te verlos. Die eerste Pasga is in die boek, Jesus word gekruisig by die laaste Pasga.</p>
Di	Eks 6:1-12, 7:1-6	Eks 6-10			
Wo	12:21-40; 14:15-31	Eks 11:1 - 15:21			
Do	Eks 16:1-21 17:1-7	Eks 15:22-18:27			
Vry	Eks 19:1-20:2; 24:1-7	Eks 19-20, 24			
Sat	Eks 32, 34:1-7	Eks 32-34			
Son	Eks 36:1-6, 40:34-38	Eks 36,39, 40			

**Memoriseervers:** *Ek neem julle aan as my volk en Ek sal julle God wees. Dan sal julle besef dat Ek, die Here, julle God is wat julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. (Eks 6:6)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

## Hoogverhewe is die Heer!

Ek maak Farao koppig vir 'n laaste keer,  
dan sal Egipte besef: “Ek is die Heer!” (Eks 14:4)

Die Egiptenare storm met strydwaens in gelid  
Die volk het bang geword en tot God gebid. (Eks 14:10)

Bly kalm. Waarvoor is julle so bang?  
God sal vir jul nood laat oorgaan in sang. (Eks 14:13-14)

Die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan  
Die water het soos 'n muur langs hulle gestaan! (Eks 14:21-22)

God het die Egiptenare verwar en en hul wiele het afgekom  
Die see het oor hulle gestroom – elke mond het verstom!  
(Eks 14:24-28)

Die volk is met ontsag vir God gevul  
Hulle kon glo dat God beloftes vervul! (Eks 14:33)

Hulle sing toe 'n lied tot God se eer:  
Hoogverhewe is die Heer!

*Dit was God se vinger:  
Perd en strydwa is in die see geslinger! (Eks 15:1)*

U, o Here is my krag.  
U beskerm my in die nag.  
Die Here oorwin die stryd.  
Sy naam is “Here”, vir altyd! (Eks 15:2-3)

*Dit was God se vinger:  
Perd en strydwa is in die see geslinger! (Eks 15:4)*

U regterhand is gedug in krag.  
Hoog verhewe is U mag. (Eks 15:6)  
U red ons uit die dood.  
Die vyand sink soos lood. (Eks 15:8-10)

*Dit was God se vinger:  
Perd en strydwa is in die see geslinger! (Eks 15:19)*

U lei U volk met U hand  
na U gewyde land. (Eks 15:13)  
Wie is soos U, o Heer,  
wat tot in ewigheid regeer? (Ek 15:11,18)

*Dit was God se vinger:  
Perd en strydwa is in die see geslinger! (Eks 15:21)*

Kyk net wat in die Nuwe Testament staan:  
Christus het deur die see met hulle gegaan.  
Vanuit die wolk is hulle gedoop  
tewyl hulle deur die see kon loop. (I Kor 10:1-5)

As die vyand agter jou rug  
jou teen die see inwig,  
vra God van jou 'n geloofstree  
in dié wete Hy sal die uitkoms gee. (Heb 11:28-29, Ps 106:12)

*Sien dan God se magtige vinger  
as hy probleem die see in slinger.  
Sing dan 'n lied tot God se eer:  
Hoogverhewe is my Heer!*